- 2.3.5 Om inflasionistiese druk en bankrotskappe te voorkom, sal banke begin om krediet te beperk en later krediet verminder wat die daling inisieer. ✓✓
- 2.3.6 Volgens 'n tweede teorie is daar 'n natuurlike rentekoers waar die verskaffing van krediet gelyk is aan die vraag na krediet. ✓✓
- 2.3.7 Wanneer die markrentekoers laer as die natuurlike rentekoers is, neem die vraag na lenings toe omdat die rentekoers vir die aanneem van krediet relatief laag is. ✓✓
- 2.3.8 Dit lei tot 'n toename in ekonomiese aktiwiteit wat tot 'n oplewing lei. ✓✓
- 2.3.9 Wanneer die markrentekoers die natuurlike rentekoers oorskry, is besighede geneig om hulle lenings terug te betaal omdat die rentekoers vir die aanneem van krediet relatief hoog is. ✓✓
- 2.3.10 'n Derde teorie verduidelik sakesiklusse in terme van die feit dat die bankkoers die vlak van rentekoerse wat banke vra, bepaal. ✓✓
- 2.3.11 Indien rentekoerse styg, is besighede geneig om hulle voorraad te verminder en kleiner bestellings te plaas wat tot 'n daling aanleiding gee. ✓✓
- 2.3.12 Indien rentekoerse daal, daal die koste om voorrade te handhaaf, en daar is 'n hernude vraag na grondstowwe en meer voorraad word aangehou wat 'n oplewing aandui. ✓✓
- 2.3.13 Dit staan bekend as die teorie van die onderverbruik/konsumpsie. ✓✓

(Gebruik diskresie – Aanvaar enige ander relevante feite/argumente. Aanvaar die kernargument. Ken ✓ toe vir slegs noem van feite – Maks. 8)

enige 8 x 2

(16)
50

VRAAG 3: PRYSVORMING

3.1 Beantwoord die volgende vrae:

- 3.1.1 versadigingspunt ✓✓
- 3.1.2 onelasties ✓✓
- 3.1.3 onvolmaakte ✓✓
- 3.1.4 aanbod ✓✓
- 3.1.5 Minderwaardige goedere soos goedkoop noodsaaklike voedsel ✓✓
Verwagtinge dat pryse sal styg ✓✓
Statusgoedere gekoop net omdat dit duur is ✓✓ **Luukse goedere**
Aanvaar kern van die rede, bv. minderwaardige goedere
[enige 3 x 2]

(14)

3.2 Data respons

- 3.2.1 Bestuur en verlaging van koste ✓✓✓
Verkoop teen mededingende pryse ✓✓✓
Aanvaar relevante feite [enige 1 x 3]
- 3.2.2 Monopolie ✓✓✓/**Geen mededinging**
Beherende aandeel behoort aan die staat ✓✓✓
Tariewe van die hoogste ter wêreld ✓✓✓
Winste word gemaak ten koste van verbruikers wat hoë foon- en
internetaansluitingstariewe betaal ✓✓✓ [enige 2 x 3]
- 3.2.3 Nee. Nie veel verskil op kort termyn nie, miskien prysverligting op lang
termyn. ✓✓✓ of
Ja. Met mededinging sal pryse daal en verbruikers sal voordeel daaruit
trek. ✓✓✓
Ja/Nee ✓✓/Motivation ✓
- 3.2.4 Die staat besit meer as 50%, of die meerderheid aandele. ✓✓✓
- 3.2.5 Vermindering van werkers ✓✓✓
Herontplooiing van werkers ✓✓✓
Anavaar enige ander relevante feite [enige 1 x 3]
- 3.2.6 'n Markvorm waar daar slegs een verskaffer is en die produk of diens geen
nabye substitute het nie. ✓✓/**Geen mededinging**

(20)

3.3 Bespreek die verwantskap tussen *prys*, *waarde* en *nut*.

- 3.3.1 Ekonomiese goedere beskik oor 'n prys omdat dit relatief skaars is. ✓✓
- 3.3.2 Ekonomiese goedere het ruilwaarde. ✓✓
- 3.3.3 Die nut van 'n artikel bepaal die waarde daarvan. ✓✓'
- 3.3.4 Die waarde van goedere word in terme van pryse uitgedruk. ✓✓
- 3.3.5 Die prys van 'n produk is die ruilwaarde uitgedruk in monetêre terme. ✓✓
- 3.3.6 Die waarde van 'n artikel word grootliks beïnvloed deur die grensnut/marginale nut van daardie artikel. ✓✓
- 3.3.7 Marginale-/Grensnut druk waarde uit en daarom ook prys. ✓✓
- 3.3.8 Nut is 'n noodsaaklike element van die waarde van 'n produk maar bepaal nie die volle ruilwaarde daarvan nie. ✓✓
- 3.3.9 Nut is die vermoë van 'n artikel om 'n behoefte te bevredig, daarom het artikels gebruikswaarde. ✓✓
- 3.3.10 Die nut van 'n artikel word bepaal deur die kenmerke van die artikel in verhouding tot die behoeftes wat dit kan bevredig. ✓✓

Slegs definisies van die konsepte ✓✓

Aanvaar enige ander relevante feite – Maks. 6 per konsep

[enige] (16)

[50]

VRAAG 4: EKONOMIESE-, STREEKSONTWIKKELING EN VERSTEDELIKING

4.1 Beantwoord die volgende vrae:

- 4.1.1 ontwikkelende ✓✓
- 4.1.2 Informele ✓✓
- 4.1.3 landelike ✓✓
- 4.1.4 ekonomiese ontwikkeling ✓✓
- 4.1.5 Genereer volhoubare ekonomiese groei en ontwikkeling in onderontwikkelde gebiede ✓✓
 - Genereer langtermyn volhoubare indienshouding vir plaaslike inwoners ✓✓
 - Maksimeer die omvang waartoe privatesektorbeleggings en -lenings in die gebied invloei ✓✓
 - Trek voordeel uit die newevoordeelgeleenthede wat uit 'PPP'-beleggings ontstaan ✓✓

[Aanvaar enige toepaslike alternatiewe]

[enige 3 x 2]

(14)

4.2 Data respons

4.2.1 Die verlaging van die koste om besigheid in Suid Afrika te doen. ✓✓

4.2.2 Wêreldwyd ✓✓✓
Internasionale mark ✓✓✓
Vryhandel

4.2.3 Energie ✓✓✓
Telekommunikasie ✓✓✓
Vervoer ✓✓✓

Aanvaar: Infrastruktuur; spoorweë; hawens; finansiering /ondersteuning van kleinsake en SEB [enige 2 x 3]

4.2.4 Finansiering en ondersteuning van kleinsakeondernemings en swart ekonomiese bemagtiging ✓✓✓
Ondersteuning aan besighede deur openbare ondernemings en die Handel en Nywerheidsministerie ✓✓✓
Skep van 'n magtigende omgewing vir besigheid deur beter diens en koste-effektiewe beleid ✓✓✓ [enige 2 x 3]

4.2.5 Arbeidstakings ✓✓
Rigiede (onbuigsame) arbeidswette ✓✓
Tekort aan beleggingsinisiatiewe ✓✓
Misdaad ✓✓

Aanvaar enige ander relevante feite, bv. vaardigheids tekorte, arbeidskoste, ens. [enige 1 x 2]

(20)

4.3 Verduidelik die rol van die informele sektor in die Suid-Afrikaanse ekonomie.

4.3.1 **Skep van werksgeleenthede** vir mense wat nie werk in die formele sektor kan vind nie. ✓✓

4.3.2 In Suid-Afrika werk een uit elke vier Suid-Afrikaners in die informele sektor. ✓✓

4.3.3 Die informele sektor speel 'n belangrike rol in die generering van inkomste en die **bestryding van armoede**. ✓✓

4.3.4 Alhoewel die inkomste in die informele sektor relatief laag is, voorsien dit 'n heenkome aan mense wat nie formele werk het nie. ✓✓

4.3.5 Die informele sektor **dra betekenisvol by tot die BBP** in Suid-Afrika. ✓✓

4.3.6 Onlangse studies het getoon dat die informele sektor vir 7-10% van die BBP verantwoordelik is. ✓✓

4.3.7 Daar is 'n samehang tussen die formele en informele sektore. ✓✓

- 4.3.8 Die skakel tussen die formele en informele sektore bestaan in die produksie-, verspreiding- en verbruiksprosesse. ✓✓
- 4.3.9 Die informele sektor **dien as 'n oefenterrein vir toekomstige entrepreneurs.** ✓✓
- 4.3.10 Mense wat besighede in die informele sektor begin, verkry ondervinding en insig wat in die formele sektor gebruik kan word. ✓✓

Volg verduideliking en aanvaar enige ander relevante feite
Indien gestruktureer onder sub-opskrifte: 2 punte vir opskrif en 2 vir meegaande verduideliking [enige] (16)
[50]

VRAAG 5: INTERNASIONALE EKONOMIE

5.1 Beantwoord die volgende vrae:

- 5.1.1 ad valorem ✓✓
- 5.1.2 depresiasie ✓✓
- 5.1.3 Suidelike Afrika ✓✓
- 5.1.4 wisselkoers ✓✓
- 5.1.5 Uitvoer van goedere ✓✓
- Voorsiening van dienste aan die buiteland (versekering; verskeping) ✓✓
- Ontvang rente en dividende op buitelandse beleggings ✓✓
- Invloei van buitelandse kapitaal ✓✓
- Uitgawes van buitelandse toeriste ✓✓
- Opneem van nuwe lenings in die buiteland ✓✓ [enige 3 x 2] (14)

5.2 Datarespons

- 5.2.1 F ✓✓✓
- 5.2.2 OH_1 of H_1 ✓✓✓
- 5.2.3 Verhoogde vraag na dollar ✓✓✓
- 5.2.4 Prys van dollar in terme van rand sal daal ✓✓✓
- 5.2.5 Uitvoere daal ✓✓✓
- Beleggings in Suid-Afrika neem af ✓✓✓
- Minder buitelandse valuta verdien ✓✓✓
- Uitvoermaatskappye maak toe ✓✓✓/ Afname in produksie
- Toename in werkloosheid ✓✓✓

Aanvaar enige ander relevante feite enige 2 x 3

- 5.2.6 Pula ✓✓ (20)

5.3 Bespreek die elemente van die finansiële rekening van die Betalingsbalans.

- 5.3.1 Hierdie rekening bestaan uit transaksies wat te make het met werklike bates en laste, byvoorbeeld aankoop van buitelandse besighede deur Suid-Afrikaners, of die verkoop van Suid-Afrikaanse besighede aan buitelanders; ✓✓ en
- 5.3.2 Transaksies wat te make het met finansiële bates en laste, byvoorbeeld aandele, obligasies en effektetrusts ✓✓
- 5.3.3 Die transaksies word in drie kategorieë gegroep, nl. regstreekse investering, portefeuljebeleggings en ander beleggings. ✓✓
- 5.3.4 Regstreekse investering sluit in transaksies wat te make het met beleggings in buitelandse besighede met die doel om betekenisvolle aandele (10% +) en eiendom te bekom; ✓✓
- 5.3.5 Portefeuljebeleggings bestaan meesal uit ekwiteite (meesal gewone aandele) en leningseffekte (effekte) wat nie deel is van regstreekse investering nie. ✓✓
- 5.3.6 Hierdie beleggings word meesal bewerkstellig deur sekuriteitsbeurse, termynbeurse en effektebeurse ✓✓
- 5.3.7 Ander beleggings is 'n oorblywende kategorie waarin transaksies wat nie as of regstreekse of as portefeuljebeleggings ingedeel word nie. ✓✓
- 5.3.8 Ander beleggings bestaan uit bedryfskrediete, geldeenhede (valuta) en deposito's en ander soortgelyke items ✓✓
- 5.3.9 Onaangetekende items is 'n inskrywing wat gebruik word om die effekte van foute, weglatings en tydsverskille vas te vang ✓✓

Indien sub-opskrifte gebruik: ✓✓ vir opskrif en ✓✓ vir meeegaande bespreking en/of voorbeelde. Aanvaar enige ander relevante feite

[enige] (16)
[50]

VRAAG 6: DIE STAAT

6.1 Beantwoord die volgende vrae:

- 6.1.1 binnelandse lenings ✓✓
- 6.1.2 Finansies ✓✓
- 6.1.3 progressief ✓✓
- 6.1.4 privatisering ✓✓
- 6.1.5 Waar groot kapitaaluitleg vereis word ✓✓
Waar dienste van lewensbelang is ✓✓

Markwaarde van dienste is onderwaardeer ✓✓
Waar politieke en sosio-ekonomiese sake staatsbetrokkenheid noodsaaklik maak ✓✓

Aanvaar enige ander relevante feite [enige 3 x 2]
(14)

6.2 Data respons

6.2.1 Sosiale besteding ✓✓✓

6.2.2 Onderwys ✓✓/**Skole**
Gesondheid ✓✓/**Hospitale; Klinieke**
Welsynsdienste ✓✓/**Welsynstoelaes (Aanvaar voorbeelde)**
Behuising ✓✓ 4

6.2.3 Staatslening ✓✓✓
Staatskuld ✓✓✓ [enige 1 x 3]

6.2.4 Verhoogde lening ✓✓✓
Verhoogde skuld ✓✓✓
Terugbetaling van skuld soos rand verswak [enige 1 x 3]

6.2.5 **0,7%** ✓✓✓✓✓✓✓✓/**5.47%/5.5%** ✓✓✓✓✓✓✓✓

6.2.6 Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) ✓✓ [aanvaar geskikte alternatiewe]
(20)

6.3 Bespreek hoe die Suid-Afrikaanse Resewebank monetêre beleid gebruik om die doelwitte van die staat se ekonomiese beleid te verwesenlik.

6.3.1 Die staat beheer geld en die geldvoorraad met behulp van die Suid-Afrikaanse Reserwebank. ✓✓

6.3.2 Die SARB gebruik sy monetêre beleid om geldbeweging en krediet in die land te beïnvloed. ✓✓

6.3.3 Deur die bedrag kontant en likiede reserwes wat banke moet aanhou, te verander. ✓✓

6.3.4 Voorbeeld: Indien banke veronderstel is om 20% van al hulle gelddeposito's in die vorm van kontant in hulle brandkluisse aan te hou, dan maak die Reserwebank die nuwe limiet 30%. ✓✓

6.3.5 Minder geld sal beskikbaar wees in die land om te bestee omdat 'n ekstra 10% in die kluisse van die handelsbanke gehou moet word. ✓✓

6.3.6 Deur die amptelike bankkoers te verander het die Reserwebank 'n invloed op die koerse om die wissels te verdiskonteer. ✓✓

6.3.7 Deur opemarktransaksies - koop en verkoop staatsaandele en – effekte ✓✓

- 6.3.8 Indien die Reserwebank op die ope mark koop, plaas dit geld in die ekonomie ✓✓
- 6.3.9 Indien die staat aandele en effekte verkoop, word geld uit die ekonomie gehaal en terug in die Reserwebank geplaas. ✓✓
- 6.3.10 Deur die rentekoers te beïnvloed. Die Reserwebank stel die rentekoers vas. ✓✓
- 6.3.11 Indien die bankkoers verhoog, kos dit die bank meer om geld te leen en hulle verhoog dadelik hulle leningskoerse vir die publiek. ✓✓
- 6.3.12 Dit maak dit duurder vir die sakeman om geld te leen en daarom neem die vraag na geld af. ✓✓
- 6.3.13 Deur morele oorreding – advisering en waarskuwing aan banke om versigtig te wees. ✓✓
- 6.3.14 Die Reserwebank waarsku dat hulle geen ander opsie sal hê as om bankkoerse te verhoog indien banke nie ophou om krediet aan die publiek te verskaf nie. ✓✓
- 6.3.15 Deur hierdie maatreëls kan ekonomiese beleid soos prysstabiliteit en ekonomiese groei uitgevoer word ✓✓

Indien sub-opskrifte gebruik: ✓✓ vir opskrif en ✓✓ vir meeegaande bespreking en/of voorbeelde. Aanvaar enige ander relevante feite

[enige] (16)
[50]

VRAAG 7: ARBEIDSVERHOUDINGE

7.1 Beantwoord die volgende vrae:

- 7.1.1 arbeidshof ✓✓ (2)
- 7.1.2 regstellende aksie /SEB ✓✓ (2)
- 7.1.3 Om na die belange van hulle lede om te sien ✓✓
Om met werkgewers te onderhandel vir beter diensvoorwaardes ✓✓
Om pensioen-, werkloosheid- en mediese fondse te bestuur ✓✓
Om na te vors oor sake wat met die bedryf/industrie of sektor te make het ✓✓
[enige 2 x 2] = (4)
(8)

7.2 Datarespons

- 7.2.1 Hindernisse in die pad van uitbreiding en ekonomiese groei ✓✓✓
Ontmoedig binnelandse en buitelandse belegging ✓✓✓
Lei tot arbeidsondoeleltreffendhede ✓✓✓
Kan werksverliese veroorsaak ✓✓✓ [enige 2 x 3] = 6

- 7.2.2 onbillike ontslag/afanking ✓✓✓ (3)
(9)

7.3 Verduidelik kortliks werksplekforums wat gestig is in terme van die Wet op Arbeidsverhoudinge (Wet no. 66 van 1995).

- 7.3.1 Die nuwe Wet op Arbeidsverhoudinge het ten doel om gesamentlike probleemoplossing en die deelname van werkers aan besluitneming oor sake soos produktiwiteit, die tegnologie wat deur die firma gebruik word en belegging te fasiliteer. ✓✓
- 7.3.2 Die Wet erken die behoefte wat bestaan dat bestuurders en werkers moet saamwerk om produktiwiteit en lewenstandaarde te verbeter en daarom is daar voorsiening gemaak vir werksplekforums. ✓✓
- 7.3.3 In enige werksplek met 100 en meer werknemers kan 'n verteenwoordigende vakbond of 'n groep vakbonde, wat saam meer as die helfte van die werkers verteenwoordig, vir 'n werksplekforum aansoek doen. ✓✓
- 7.3.4 Verteenwoordigers van die forum moet deur al die werkers verkies word en nie net deur die vakbondlede nie. ✓✓
- 7.3.5 Om besluitneming te fasiliteer, sal werksplekforums uitgebreide regte mbt bestuursinligting hê. ✓✓
Aanvaar enige ander relevante feite [enige] (8)

PRODUKTIWITEIT EN WERKLOOSHEID

7.4 Beantwoord die volgende vrae:

- 7.4.1 ongeskoolde arbeid ✓✓
- 7.4.2 werklike lewering ✓✓/output/uitset [enige 1 x 2]
werklike BBP ✓✓
- 7.4.3 Seisoenskommelings/-wisseling/-fluktuasies ✓✓
Minimum lone ✓✓
Verhoogde meganisasie ✓✓
Onverwagte natuurlike rampe (aanvaar indien gespesifiseer) ✓✓
[enige 2 x 2] (8)

7.5 Data respons

- 7.5.1 Laer koste ✓✓✓
Groter wins/profyt ✓✓✓ (6)
- 7.5.2 Hoeveelheid uitsette
Hoeveelheid insette ✓✓✓
Hoeveelheid uitsette:Hoeveelheid insette (3) [9]

7.6 Verduidelik hoe die regering daartoe bygedra het om werksgeleenthede te skep.

- 7.6.1 Staan informele sektor by met opleiding, toegang tot finansiering en infrastruktuur, bv. 'Business Partners' en Khula Enterprises ✓✓
- 7.6.2 Skep geleenthede vir vaardigheidsopleiding deur wetgewing, 'Skills Development Act'/'Skills Development Levies Act' en verskeie SETA's ✓✓
- 7.6.3 Werk word geskep vir ongeskoolde arbeid, bv. padonderhoud ✓✓
- 7.6.4 Indien dit op 'n arbeidsintensiewe wyse georganiseer word, kan meer mense werk gegee word ✓✓
- 7.6.5 Dit beïnvloed nie inflasie negatief nie, want relatief lae lone word betaal ✓✓
- 7.6.6 Terwyl hulle in diens is, bekom en verbeter werkers hulle vaardighede ✓✓
- 7.6.7 Hierdie programme kan aan verskeie spesifieke staatsontwikkelingsinisiatiewe gekoppel word ✓✓
- 7.6.8 Lone verdien word gebruik om goedere en dienste te koop wat plaaslik vervaardig word ✓✓ [aanvaar geskikte alternatiewe] [enige] (8)

INFLASIE

7.7 Beantwoord die volgende vrae:

- 7.7.1 inflasie ✓✓
- 7.7.2 stagflasie ✓✓
- 7.7.3 Krediteure ✓✓
Beleggers ✓✓
Verdieners van 'n vaste inkomste ✓✓
Verbruikers ✓✓ [enige 2 x 2] (8)

7.8 Datarespons

- 7.8.1 Verlaging van rentekoerse ✓✓✓
Verhoging in BBP ✓✓✓
Verhoging in produksie ✓✓✓
Waardetoename van die rand ✓✓✓
Oliepryse gestabiliseer ✓✓✓
Pogings monetêre owerhede ✓✓✓ [enige 1 x 3]

7.8.2 3% - 6% ✓✓✓ (3)

7.8.3 **Verbruikersprysindeks** ✓✓✓ (3)

(9)

7.9 Bespreek hoe regeringsbesteding inflasie kan veroorsaak.

- 7.9.1 Wanneer die staat groot projekte onderneem soos die konstruksie van paaie, damme, ens. word 'n groot hoeveelheid geld in sirkulasie geplaas en die gevolg is prysverhogings. ✓✓
- 7.9.2 'n Verhoging in die geldaanbod/-voorraad sonder 'n gelyktydige verhoging in die vervaardiging van goedere en dienste sal veroorsaak dat pryse styg as gevolg van oormatige vraag. ✓✓
- 7.9.3 Wanneer daar 'n verlaging in direkte belasting is, neem likiede/uitkeerbare/beskikbare/verdeelbare wins toe en verhoogde vraag lei na hoër pryse. ✓✓
- 7.9.4 Wanneer verhoogde pryse aangekondig word soos petrol, posgeld, ens. word die verhogings na verbruikers deurgegee. ✓✓
- 7.9.5 'n Verhoging in indirekte belasting soos BTW sal pryse laat styg. ✓✓
- 7.9.6 Beskerming van plaaslike industrieë deur die staat kan die pryse van plaaslik vervaardigde goedere en dienste laat styg. ✓✓
- 7.9.7 'n Verhoging in besteding op maatskaplike vlak, soos welsynstoelae kan ook tot inflasie bydra. ✓✓

Aanvaar enige ander relevante feite

[enige] (8)

STRATEGIESE HULPBRONNE

7.10 Beantwoord die volgende vrae:

7.10.1. SASOL ✓✓

7.10.2 strategiese ✓✓

7.10.3 Gebruik sonenergie in residensiële wonings, op plase en in landelike gebiede ✓✓

Die bevordering van gas as 'n alternatief vir elektrisiteit ✓✓

Motorvoertuie wat met batterye werk of enige ander alternatiewe

brandstofbronne ✓✓ **[aanvaar geskikte alternatiewe]** [enige 2 x 2] (8)

7.11 Datarespons

7.11.1 Ontwikkelende land – die meeste mense gebruik rivier- of stroomwater (38%) ✓✓✓

7.11.2 Rivier ✓✓✓

Stroom ✓✓✓
7.11.3 Department van Waterwese en Bosbou ✓✓✓

[enige 1 x 3]

(9)

7.12 Bespreek die *belangrikste bron van energie* waarin Suid-Afrika 'n gevorderde stadium van selfvoorsiening bereik het.

7.12.1 Die belangrikste energiebron in Suid-Afrika is steenkool. ✓✓

7.12.2 Suid-Afrika het volop steenkoolafsettings wat dien as die energiedraers wat oorwegend gebruik word om aan die energiebehoefes van die land te voorsien. ✓✓

7.12.3 Die meeste elektrisiteit word ontwikkel deur steenkoolaangedrewe kragstasies. ✓✓

7.12.4 Steenkool is ook die basiese grondstof vir SASOL-'synfuel'-aanlegte. ✓✓

7.12.5 Die grootste gedeelte van plaaslike steenkoolverbruik word gebruik om elektrisiteit te ontwikkel terwyl die res aan handel en nywerheid verkoop word. ✓✓

7.12.6 Suid-Afrika is 'n groot uitvoerder van energie, veral in die vorm van steenkool en elektrisiteit aan sy bure. ✓✓

Volle krediet vir elektrisiteit!

[enige]

(8)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 200

AFDELING C

VRAAG 8

Verduidelik die verskillende *metodes* wat gebruik kan word om *ekonomiese groei* te behaal.

8.1 Inleiding

- 8.1.1 Ekonomiese groei kan gedefinieer word as 'n verhoging/toename in die produksiekapasiteit van die ekonomie sodat daar 'n verhoging/toename is in die vlak van nasionale inkomste
- 8.1.2 Dit word gemeet in terme van jaarlikse toename/verhoging in reële BBP
- 8.1.3 Volgens hierdie definisie is ekonomiese groei 'n langtermynverskynsel en die produksiekapasiteit van 'n ekonomie kan nie betekenisvol oornag verhoog/toeneem nie aangesien dit 'n proses is wat tyd neem.
[aanvaar enige logiese/oorspronklike inleiding] Maks (3)

8.2 Inhoud

8.2.1 Verhoging/Toename in produktiwiteit ✓✓

- (a) Produktiwiteit kan beskryf word as die verhouding tussen die hoeveelheid goedere en dienste geproduseer (reële lewering/uitset) en die bronne wat gebruik word om hierdie goedere en dienste te produseer (insette). ✓✓
- (b) Produktiwiteit vir ekonomiese groei is meer omvattend en sluit alle produksiefaktore, bv. arbeidsproduktiwiteit, in. ✓✓/✓✓
- (c) Arbeidsproduktiwiteit kan verhoog word deur onderwys en opleiding. ✓✓ Maks (7)

8.2.2 Besikbaarheid van produksiefaktore ✓✓

- (a) Om ekonomiese groei te genereer is die beskikbaarheid van produksiefaktore van die regte gehalte in die regte hoeveelhede benodig, baie belangrik. ✓✓
- (b) Die gehalte van die arbeidsmag is belangrik en kan verbeter word deur onderwys en opleiding (vorming van mensekapitaal), bv. skoolonderrig, naskoolse onderig, indiensopleiding, beroepsleiding, ens. ✓✓/✓✓
- (c) Entrepreneurs moet beskikbaar wees om nuwe werksgeleenthede te skep; bestuurspersoneel word benodig om die skepping van welvaart te rig. ✓✓
- (d) Kapitaal word deur spaargeld geskep wat benodig word vir beleggings en kapitaalvorming om plaas te vind. ✓✓
- (e) Belegging word deur 'n verskeidenheid ekonomiese en nie-ekonomiese faktore beïnvloed, bv. rentekoerse en sekerheid oor toekomstige ekonomiese en politieke ontwikkelinge. ✓✓/✓✓
- (f) Die beskikbaarheid en aantal natuurlike hulpbronne kan nie, volgens hulle aard, vermeerder word nie behalwe waar nuwe minerale afsettings van een of ander soort gevind word. ✓✓ Maks (15)

8.2.3 Tegnologiese ontwikkeling ✓✓

- (a) Tegnologiese ontwikkeling bepaal grootliks die produksieproses waar verskillende produksiefaktore gekombineer is. ✓✓
- (b) Verbetering in tegnologie kan dus lei tot meer doeltreffende produksieprosesse, d.i. groter produksie met dieselfde aantal insette en dus ekonomiese groei. ✓✓/✓✓
- (c) Tegnologie word hoofsaaklik deur navorsing en ontwikkeling in die private en publieke sektore verbeter. ✓✓
- (d) Nuwe tegnologie sluit faktore soos nuwe uitvindings, nuwe produksietegnieke, verbeteringe mbt ontwerp en prestasie van masjinerie, beter organisasie en bestuur, doeltreffender fabrieksuitlegte, beter opleidingsfasiliteite en doeltreffender vervoer en kommunikasie in. ✓✓/✓✓✓
Maks (9)

8.2.4 Doeltreffende staats-/regeringsbeleid ✓✓

- (a) Die staat verskaf die raamwerk waarbinne die markeconomie funksioneer, wat sake soos goedgeformuleerde besitregte en kontrakwetgewing insluit. ✓✓/✓✓✓
- (b) 'n Sosiale infrastruktuur wat onderwys- en gesondheidsdienste insluit. ✓✓
- (c) Die staat kan navorsing en ontwikkeling ondersteun en nuwe maatreëls bekend stel wat gemik is op die vervanging van invoere of die bevordering van uitvoere en die ontwikkeling van kleinsakeondernemings. ✓✓/✓✓✓
- (d) Deur 'n fiskale beleid toe te pas, kan die regering die ekonomiese groei koers stimuleer deur, bv. staatsbesteding te verhoog, sekere belastingtoegewings te maak, en selfs die subsidiëring van sekere nywerhede/industrieë. ✓✓/✓✓✓
- (e) 'n Doeltreffende staatsbeleid behels die normalisering van Suid-Afrika se ekonomiese verhoudinge met ander lande, d.i. om buitelandse beleggings te stimuleer en om internasionale handel aan te moedig. ✓✓/✓✓✓
Maks (13)

8.2.5 Belegging/Investering ✓✓

- (a) Netto beleggings is jaarlikse toevoegings by die nasionale kapitaalvoorraad. ✓✓
- (b) Netto beleggings word benodig vir ekonomiese groei, d.i. om die groei van die reële BBP te verhoog. ✓✓/✓✓✓
Maks (6)
Maks (45)

Krediteer sinvolle verwysing na AsgiSA onder elke sub-opskrif. – Maks. 10
Gee 2 punte vir voorbeelde onder elke sub-opskrif.

8.3 Gevolgtrekking

- 8.3.1 Hoe groter die produksie van goedere en dienste waaraan daar 'n behoefte is, hoe meer behoeftes kan bevredig word.
- 8.3.2 'n Ander belangrike aspek van ekonomiese groei is dat dit gewoonlik gepaardgaan met die skepping van nuwe werksgeleenthede en die vermindering van werkloosheid.
- 8.3.3 Dit is daarom verstaanbaar dat die regerings van die meeste lande noukeurig aandag skenk aan ekonomiese groei as 'n doelwit en metodes om ekonomiese groei te verhoog/laat toeneem.

[aanvaar enige logiese/oorspronklike gevolgtrekking]

(2)

[50]

VRAAG 9

Ontleed, mbv grafieke, vraagelastisiteit.

9.1 Inleiding


- 9.1.1 Verwys na die sensitiwiteit of gevoeligheid van vraag op prysveranderinge.
- 9.1.2 Ekonomie en entrepreneurs moet weet tot watter mate vraag sal toeneem wanneer die prys van 'n artikel met 'n gegewe bedrag daal.
- 9.1.3 Die pryselastisiteit van vraag kan bepaal word deur die persentasie verandering in die hoeveelheid gevra, te deel deur die persentasie verandering in die prys.

[aanvaar enige logiese/oorspronklike inleiding] Maks (3)

9.2 Inhoud

9.2.1 Volmaakte elastiese vraag (oneindig elasties) ✓✓

- (a) Hoeveelhede van 'n produk gevra, verander deur 'n oneindige hoeveelheid in die geval van slegs 'n effense prysverandering. ✓✓
- (b) Die kromme van so 'n vraag kan deur 'n horisontale reguit lyn voorgestel word. ✓✓
- (c) In die praktyk is sulke vraagkrommes uiters skaars. ✓✓




Max.: (10)

9.2.2 Relatief elastiese vraag (elastisiteit van 1) ✓✓

- (a) Die hoeveelheid gevra, verander persentasiegewys meer as die verandering in die prys van die produk. ✓✓
- (b) 'n 100%-verandering in prys lei tot 'n 150%-verandering in vraag. ✓✓

✓




✓✓✓

Max.: (10)

9.2.3 Elastisiteit van een ✓✓


- (a) Die hoeveelheid gevra, verander met dieselfde persentasie as die persentasie waarmee die prys verander het. ✓✓✓
- (b) 'n 100%-styging in die prys lei tot 'n 100%-daling in die hoeveelheid gevra. ✓✓



✓✓✓

9.2.4 Relatief onelastiese vraag (elastisiteit minder as 1) ✓✓

- (a) Die hoeveelheid gevra, verander teen 'n kleiner persentasie as die persentasie waarteen die prys verander. ✓✓
- (b) Indien die prys verander teen 100%, sal die hoeveelheid gevra slegs by 60% verander. ✓✓




✓✓✓

Max.: (10)

9.2.5 Volmaakte onelastiese vraag (elastisiteit van 0) ✓✓

- (a) 'n Prysverandering het geen invloed op die vraag na 'n produk nie. ✓✓
- (b) Hierdie vorm van elastisiteit is van toepassing op noodsaaklike produkte, bv. sout. ✓✓
- (c) Die kromme van so 'n vraag kan voorgestel word deur 'n vertikale reguit lyn. ✓✓



✓✓✓

Maks (10)
(45)

[Ken 3 punte per elastisiteitsvorm toe vir berekeninge wanneer voorbeelde gebruik word.]

9.3 Gevolgtrekking

9.3.1 Indien die vraag na 'n produk wat die entrepreneur verkoop elasties is, sal hy/sy baie versigtig moet wees oor 'n prysverhoging omdat 'n prysverhoging kan lei tot 'n groot afname in die hoeveelheid gevra.

9.3.2 Indien hy/sy 'n produk verkoop met 'n onelastiese vraag sal die hoeveelheid gevra nie so skerp daal in reaksie op 'n prysverhoging nie.
[aanvaar enige logiese/oorspronklike gevolgtrekking] Maks (2)

[50]

VRAAG 10

Evalueer Suid-Afrika se belasting-op-toegevoegde-waardestelsel (BTW) teen die vereistes van 'n goeie belastingstelsel.

10.1 Inleiding

10.1.1 Belasting is 'n verpligte bydrae wat deur die staat of 'n plaaslike regering op sy burgers gehef word met die doel om dienste in belang van die algemene publiek te finansier.

10.1.2 Die hoofkenmerk van belasting is die verpligte aard daarvan wat beteken die staat het die reg om belasting te hef en die burger moet eenvoudig die belasting betaal. [aanvaar enige relevante inleiding] Maks (3)

10.2 Inhoud

10.2.1 Produktief (doeltreffend/effektief) ✓✓

- (a) Dit moet te alle tye genoeg inkomste verskaf om die staat se uitgawes te dek. ✓✓
- (b) Doeltreffendheid hang af van die tipe belasting, belastingkoers, vrystellings wat aan diegene met minimum belasbare inkomste toegestaan word, mediese en ander uitgawes, ens. ✓✓
- (c) 'n Belastingstelsel sal produktief wees indien doeltreffende administrasie ontduiking baie moeilik maak. ✓✓
- (d) Ontduiking is baie moeilik met BTW – die meeste mense is nie bewus daarvan dat hulle betaal nie so hulle probeer nie om die belasting te ontduik nie. ✓✓

Maks (6)

10.2.2 Elasties/Aanpasbaar ✓✓

- (a) Dit moet maklik te wees om die inkomste uit belasting te verhoog of te verminder wanneer omstandighede dit vereis. ✓✓
- (b) Dit moet moontlik wees om addisionele vorms van belasting te hef sonder om die ekonomie te ontwrig. ✓✓
- (c) Alhoewel dit maklik is om BTW te verander, kan dit erge politieke implikasies hê. ✓✓

Maks (6)

10.2.3 Ekonomies (Vereenvoudig) ✓✓

- (a) Die invordering van belasting moet nie groot moeite wees en baie uitgawes behels nie. ✓✓
- (b) Sommige spesialiste glo dat die koste van invordering nie meer as 2% van die belastinginkomste moet bedra nie. ✓✓
- (c) Die belastingbetaler moet ook so min uitgawes as moontlik aangaan wanneer hy sy belasting betaal. ✓✓
- (d) BTW is maklik en ekonomies om in te vorder. ✓✓ Maks (6)

10.2.4 Seker/Vasstaande/Betroubaar ✓✓

- (a) Die belasting gehef, moet ingevorder word. ✓✓
- (b) Die belastingbetaler moet presies weet hoeveel hy moet betaal en wanneer. ✓✓
- (c) Die berekeningsmetode moet bekend wees. ✓✓
- (d) BTW baie seker (14%). ✓✓ Maks (6)

10.2.5 Onpartydig (Regverdig) ✓✓

- (a) Belastingbetalers in dieselfde finansiële of ekonomiese posisie moet dieselfde belasting betaal. ✓✓
- (b) Faktore soos die besit van kapitaal, inkomste, familie-verantwoordelikhede en mediese uitgawes moet in ag geneem word. ✓✓
- (c) 'n Belastingstelsel is regverdig indien almal dieselfde opofferings maak, soos 'n progressiewe stelsel van belasting. ✓✓
- (d) BTW op basiese produkte is nie regverdig nie, maar sekere produkte is vrygestel om BTW meer onpartydig te maak. ✓✓ Maks (6)

10.2.6 Geskik/Gerieflik ✓✓

- (a) Die belastingbetaler moet die tyd, plek en betalingsmetode weet en dit moet vir hom gerieflik wees op daardie tyd en plek. ✓✓
- (b) Vir die staat beteken dit 'n belastingstelsel wat 'n gereelde vloeï van fondse na die tesourie verseker. ✓✓
- (c) Dit is baie gerieflik om BTW by die aankoop punt te betaal. ✓✓ Maks (6)

10.2.7 Eenvoudig ✓✓

- (a) Veral die metode om belasting te bereken moet so eenvoudig wees dat die belastingbetaler en die belastinginvorderaar maklik kan verstaan. ✓✓
- (b) Die stelsel moet maklik wees om toe te pas. ✓✓
- (c) Die samewerking van belastingbetalers sal meer geredelik gekry word indien hulle verstaan waarom hulle moet belasting betaal, en hoeveel hulle moet betaal. ✓✓
- (d) BTW is baie maklik om te bereken – 14% ✓✓ Maks (6)

10.2.8 Moet nasionale inkomste tot maksimum verhoog ✓✓

- (a) 'n Belangrike funksie van die staat is om die produktiwiteit van arbeid en die per capita-inkomste soveel as moontlik te verhoog. ✓✓
- (b) Indien die belastingstelsel te progressief of te hoog is, kan dit produksie strem. ✓✓
- (c) Hierdie vereiste impliseer dat die stelsel neutraal moet wees en nie die belangrikste deelnemers aan die ekonomie moet demotiveer nie. ✓✓
- (d) Soos wat uitgawes toeneem, so neem BTW toe – wat meer tot die inkomste bydra. ✓✓

Ken 2 punte toe met verwysing na BTW as vereiste = (16)

Maks (6)

Maks (45)

10.3 Gevolgtrekking

Belasting behels bydraes deur die ander deelnemers aan die ekonomie van die staat sonder enige verpligting met betrekking tot 'n quid pro quo (sonder om iets terug te ontvang) van die staat af aan die betrokke deelnemer. Belasting kan egter belangrike gevolge hê met betrekking tot die gedrag van die deelnemers. [aanvaar enige relevante gevolgtrekking] Maks (2)

[50]

VRAAG 11

Die basiese kenmerk van 'n ontwikkelende land is die lae lewenstandaard van die meerderheid van die bevolking wat duidelik word in lae inkomste, wanvoeding, lae vlakke van vaardigheid, lae lewensverwagting, substandaard-dienslewering en behuising.

Bring die bostaande stelling met Suid-Afrika in verband en bespreek hoe die Suid-Afrikaanse regering poog om armoede te verlig en uit te wis.

11.1 Inleiding

11.1.1 'n Basiese kenmerk van 'n ontwikkelende land is die lae lewenstandaard van die meerderheid van die bevolking.

11.1.2 Die lae gemiddelde inkomste, in vergelyking met 'n ontwikkelde (industriële) land is die hooforsaak van die armoedesiklus.

[aanvaar enige oorspronklike/logiese inleiding] Maks (3)

11.2 Inhoud

11.2.1 Lae inkomste

- (a) Die per capita bruto nasionale produk, as 'n aanduiding van die welvaart van 'n land, is relatief laag. ✓✓
Die grootste gedeelte van enige vrye/besteebare inkomste word gebruik om basiese noodsaaklikhede te koop en baie min bly oor om te ~~maak~~ ✓✓

- (c) Die Lewenstandaardmaat (LSM) in Suid-Afrika het geleidelik oor die laaste dekade toegeneem maar 'n groot aantal van die bevolking leef nog steeds in armoede en verdien minder as R2 000 per jaar. ✓✓
- (d) Die verhoogde sosiale uitgawes (sosiale lone) deur die staat dra tot 'n sekere mate by om die inkomstevlakke te verhoog. ✓✓
- (e) Daar bestaan steeds 'n wanbalans met betrekking tot die verspreiding van inkomste in die land ten spyte van die staat se fiskalebeleidspogings via die begroting. ✓✓

11.2.2 Wanvoeding en lae lewensverwagting

- (a) Die verbetering van primêre gesondheidsorg in Suid-Afrika het nog nie die sukses behaal wat deur regeringsbeleid in die vooruitsig gestel is nie. ✓✓
- (b) Die algemene gesondheid van die meerderheid van die bevolking is baie swak en dit word in wanvoeding, siektes, jongkindersterftes en lae lewensverwagting gemanifesteer. ✓✓
- (c) 'n Faktor wat hiertoe bydra is die MIV/Vigs-pandemie en die tekort aan hulpbronne om doeltreffende behandeling te gee. ✓✓
- (d) Suid-Afrika het 'n skoolvoedingskema in plek op primêre vlak om die wanvoedingverskynsel te verlig, dit het egter nog nie alle behoeftige sektore van die bevolking bereik nie. ✓✓
- (e) Openbare sektor mediese fasiliteite (klinieke en hospitale) is swak toegerus en het nie genoeg personeel nie. Daar is 'n tekort aan infrastruktuuronderhoud ten spyte daarvan dat daar verhoogde begrotingstoewysings aan die gesondheidssektor was. ✓✓
- (f) Gratis mediese dienste word aan kinders, behoeftiges en bejaardes by staatshospitale en –klinieke verskaf. ✓✓

11.2.3 Lae vlakke van onderwys/onderrig

- (a) Die geletterdheidsvlakke is oor die algemeen laag en opvoedkundige fasiliteite is ontoereikend. ✓✓
- (b) Die onderrig wat verskaf word is dikwels nie geskik nie en ontoepaslik vir die spesifieke ontwikkelingsbehoefte van die land. ✓✓
- (c) Indiensopleiding is dikwels ontoereikend en daar is 'n beperkte aantal heropleidingsprogramme. ✓✓
- (d) Alhoewel sommige opvoedkundige fasiliteite beskikbaar is, is skoolbywoning swak en die uitvalkoers is hoog. ✓✓
- (e) Die vlakke van ongeletterdheid in Suid-Afrika word stadig maar seker uitgewis deur programme vir basiese onderwys en opleiding vir volwassenes wat deur die openbare en private sektore aangebied word. ✓✓
- (f) 'n Nasionale vaardigheidsfonds (bestuur deur sektorale onderwys- en opleidingsowerhede – SETA's) is gestig om indiensopleiding in vaardighede wat deur die ekonomie van die land benodig word, te fasiliteer. ✓✓

- (g) Om die hoë uitvalkoers by skole teen te werk, het die staat verpligte skoolbywoningwetgewing gepubliseer maar as gevolg van armoede het dit nie die gewenste uitwerking nie. ✓✓
- (h) Baie vaardige personeel het die land verlaat op soek na beter werksomstandighede en hoër salarisse en lone. ✓✓

11.2.4 Sub-standaard dienste en behuising

- (a) Ontwikkelende lande ondervind toenemende verstedeliking wat gewoonlik lei tot gebrekkige voorsiening van munisipale dienste en behuising. ✓✓
- (b) Dit manifesteer in onbeheerde plakkery (informele nedersettings wat opskiet) aan die buitewyke van groot stede en dorpe. ✓✓
- (c) Alhoewel Suid-Afrika 'n nasionale behuisingsbeleid in plek het via die Heropbou-en-Ontwikkelingsplan (HOP) is daar 'n tekort aan stedelike behuising as gevolg van toenemende verstedeliking. ✓✓
- (d) Daar is dikwels nie genoeg residensiële grond beskikbaar om informele nedersettings in stedelike gebiede te vestig nie. ✓✓
- (e) Suid-Afrika staar ook die uitdaging van ontoereikende vaardige tegniese en professionele personeel op plaaslike munisipale vlak in die gesig, wat doeltreffende dienslewering bemoeilik. ✓✓

[enige] (45)

10.3 Gevolgtrekking

10.3.1 Die kombinasie van al die bogenoemde faktore gee gewoonlik aanleiding tot 'n lae lewenstandaard, 'n afwaartse spiraal van armoede en 'n algemene gevoel van depressie en wanhoop.

[aanvaar enige ander oorspronklike/logiese gevolgtrekking] Maks (2)

[50]

TOTAAL AFDELING C: 100

GROOTTOTAAL: 400